yskas stories

verhale uit die Oostelike Sinode

Hier is die derde uitgawe van YSKASSTORIES!

Soos wat die stories inrol, raak ek opgewonde oor die beweging wat daar steeds in die kerk is. Verhale waar die kerk hande-vat en nuwe planne maak om vorentoe te gaan, skep inderdaad HOOP!

Stuur jou yskasstorie vir ons

Leer meer oor die sinode

Boodskappe vir 2024 van mede-kollegas

Die jaar het afgeskop en Januarie is agter die rug. In hierdie eerste uitgawe van YSKASSTORIES deel ons graag met jou 'n paar boodskappe vir 2024 uit die pen van mede-kollegas. Vanuit dié boodskappe is dit duidelik dat ons 2024 versigtig en opgewonde tegemoet gaan. Ons is optimisties oor die moontlikhede wat die nuwe jaar inhou.

Mag hierdie eerste uitgawe van 2024 vir jou vars asem en koel water wees en mag jy die jaar met durf en moed aanpak. Verlustig jouself in die advies en seëngebede van mede-reisgenote uit ons sinode.



"Dankie aan JULLE!"

Voor ons werkskoene te styf vasgegespe is vir 2024, wil ons 'n klein bietjie terugkyk en DANKIE sê vir die getroue dienswerk van leraars, gemeentelede, maatskaplike werkers en personeel in kantore.

OOSTELIKE SINODE se SEËNWENS vir 2024 is dat ons gereeld oomblikke sal beleef waar dit tegelyk voel soos Kersfees, ouma se kombuis en kerkbasaar. OOSTELIKE SINODE se DIEP OORTUIGING is steeds "hier is ons – stuur ons!"

- Francois Retief (Uitvoerende Amptenaar: Oostelike Sinode)



"Mag Jesus steeds so in ons elkeen en in sy kerk mens word"

Mag die hoop van Jesus ons vul met die optimisme dat Hy steeds die nood van die wêreld en sy kerk raaksien. Mag die vrede met God, wat Jesus se menswording vir ons begin het, die manier word waarop ons lewe. Mag ons die vreugde van die evangelie nie vergeet nie en mag ons werk met ywer om in ander se hartseer verligting te bring. Mag die liefde van 'n Vaderhart, wat bereid is om sy Kosbaarste te gee, ons minder verknog maak aan goed en meer bereid om self in liefde te gee. Mag Jesus steeds so in ons elkeen en in sy kerk mens word.

-Emile Rademeyer (Doornkloof)

"kyk terug en wees dankbaar"

Die jaar 2023 was bedrywig en ons was dankbaar vir al die seëninge wat ons elke dag van God ontvang het! Hopelik het jy die jaar kon ingaan na refleksie en rus. Nou is jy volstoom aan die gang en ons sien saam met jou uit na alles wat God ook deur ons Sinode in 2024 gaan doen.

- Maartje van der Westhuizen (Elarduspark)

"'n k-woord vir jou kelvinator"

'n Suid-Afrika is "k-woorde" 'n baie sensitiewe saak. Dink maar net, byvoorbeeld, hoeveel haat en hartseer het die praat, sing en uitleef van die woord "kill" al in ons land veroorsaak! Dít maak ook sommer baie van die hoop - in talle van die oorlewendes se lewens – dood. Dan praat ons nie eens van ons land se ekonomie, ekologie, paaie en elektrisiteitstelsel wat – alles deur menslike faktore – doodgewurg word nie!

Daar was gelukkig 'n ander "k-woord" wat oor die eeue baie van die negatiewe belewenisse van die lewe geneutraliseer het: die woord "kerk". Jesus Christus het, sover dit my kennis strek, nooit die woord "kerk" gebruik nie. Hy was egter baie lief vir 'n ander "k-woord". Doen jouself 'n guns: druk vir jou die woord "KONINKRYK" in vet, hoofletters uit en plak dit op die yskas van jou huis. Gaan lees dan elke dag saam met

jou geliefdes een uitspraak van Jesus oor die Koninkryk van God.

-Hancke van Blerk (Piet Retief)

"bring lig en lewe na jou gemeenskap"

Mag ons in 2024 die voorreg hê om vanuit ons kyk na die Messiaanse Baba wat vir ons gebore is, die hart van die lewende God te herontdek!

Mag ons by die Bron gevul word met vars nuwe lewe om 2024 met Gees-inspirasie in te gaan om die avontuur te beleef om Jesus die Here te volg en lewe en lig te bring in die gemeenskappe en die land wat dit so nodig het!

- Frikkie Coetzee (Lux Mundi)



"Jesaja 9 : 5-6"

My gebed vir elke gemeente en leierskorps binne ons sinode is dat Jesaja 9:5-6 se voorspelling vir ons elkeen waar sal wees en ons in Jesus Christus 'n wonderbare Raadsman, 'n sterke God, 'n ewige Vader en 'n Vredevors sal ontdek en ervaar. Dat ons Hom sal toelaat om in ons lewens en deur ons handelinge te heers en hierdie heerskappy sal uitbrei deur die boodskap van verlossing en nuwe lewe wat in elke gemeente verkondig gaan word.

-Tertius Erasmus (Bronkhorstspruit)

"Wees bewus van God se waarheid"

Mag elkeen van ons, bewus-van-die-Waarheid wat God deurdie Skrif aan ons openbaar, ook in 2024 sonder skroom Hom volg. Mag ons almalmet wie ons in aanraking kom, saamneem op dié ontdekkingstog.

My gebed vir elkeen van ons Sinodale-gesin is dat dieHere se seëninge in 2024 oorvloedig op ons sal neerreën en dat die Wysheid watons ontvang oor grense heen sal deurbreek.

Mag jy, in die jaar wat kom, oomblikke van asemskep endiep rus beleef. Mag jy weet God vind plesier in jou, dat Hy naby is, liefde isen dat hierdie liefde genoeg is. Mag jy vreugde vind in jou roeping en mag daargenoeg arms wees wat joune hoog hou!

-Theo Homann (Marble Hall)

OOSTELIKE SINODE